# AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

# KOSHUISGIDS



# KOSHUISGEDRAGSKODE

## 1. KOSHUISGESKIEDENIS

Die koshuis dra die naam van mnr. Frank le Roux, eerste hoof van die Afrikaanse Hoër Seunskool. Frank le Roux is op 25 Augustus 1886 te Heilbron gebore. Sy skoolopleiding het hy aan die Jongens Hoërskool, Paarl, ontvang. Sy BA-graad en onderwysdiploma het hy aan Grey Universiteitskollege, Bloemfontein (nou UVS) behaal. In 1923 is `n MA-graad in die Wysbegeerte ook aan hom toegeken.

Frank le Roux was die eerste hoof van die Afrikaanse Hoërskool wat in 1920 in Pretoria gestig is en sodoende die eerste suiwer Afrikaans-mediumhoërskool in Suid-Afrika was. Met die verdeling van die Afrikaanse Hoërskool in die Afrikaanse Hoër Meisieskool en die Afrikaanse Hoër Seunskool in 1929 het mnr. Le Roux by die seunskool as hoof tot in Desember 1946 aangebly.

As hoof was hy baie gewild by die leerders én by die personeel, wat aan hom die eretitel "Pa le Roux" gegee het. Hy het nie net ‘n groot rol as opvoeder gespeel nie, maar ook in die samelewing. Frank le Roux was ‘n man met sterk oortuigings en was daarby baie beginselvas. Sy godsdienstige lewensbeskouing het hy te alle tye uitgeleef. Hy is op 23 Julie 1959 oorlede.

Die oorheersende gedagte by die stigting van ons skool was die noodsaaklikheid van onderwys in Afrikaans. Die ideaal is met die stigting verwesenlik en is deur die jare ook deur die koshuis uitgebou. Die eerste koshuis is in 1922 in twee ou woonhuise begin. Sedertdien het ons getal kosgangers tot meer as 300 gegroei.

Ons huidige hoofgebou is in 1970 betrek. Die ou koshuis (Seunstehuis) word nog steeds as anneks gebruik. Gedagtig aan die stigtingsgedagte van ons skool, is die vier vleuels van die hoofgebou en die anneks vernoem na vyf manne wat geweldig baie tot die taalstryd bygedra het. Ons het dus sewe huise binne die koshuis: Huis Pannevis, Huis du Toit (oos-bo), Huis

Reitz (oos-onder), Huis Hoogenhout (wes-bo), Huis Malherbe (wes-onder), Huis Neethling en Huis Jan Joubert. Die latere aanbouings aan die koshuis (1994) is vernoem na ons twee stigterslede, mnr. Jan Joubert en ds. Chris Neethling.

Huis Jackie Kruger is in Lisdoganstraat in Arcadia. Jackie Kruger was in 1975 die eerste voorsitter van die Oud-Affiebond. Vanaf 1983 dien hy op die beheerliggaam en word in 1986 tot voorsitter verkies. Hy het hierdie amp tot in 1992 beklee.

**Die name van die koshuise/gange van die Afrikaanse Hoër Seunskool**

Die persone na wie Affies se ouer koshuise vernoem is, het een ding gemeen: elkeen het hom op sy eie manier beywer vir die bevordering van Afrikaans. Hulle is Arnoldus Pannevis, Gideon Malherbe, C.P. Hoogenhout, S.J. du Toit, F.W. Reitz, Chris Neethling, Jan Joubert en Frank le Roux.

Die Genootskap van Regte Afrikaners (G.R.A.) was die dryfkrag agter die Eerste Afrikaanse Taalbeweging. Arnoldus Pannevis, 'n onderwyser wat hom reeds voor 1875 daarvoor beywer het om die Bybel in Afrikaans te vertaal, word algemeen as die geestelike vader van die vereniging beskou. Die vereniging is op 14 Augustus 1875 in die huis van Gideon Malherbe (wynboer) in die Paarl gestig. Onder die agt teenwoordiges was C.P. Hoogenhout (onderwyser, skrywer en digter) en S.J. du Toit (predikant). Die doel van die G.R.A. was "Om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land". Hierdie doelstelling is ook in Affies se skoollied opgeneem.

F. W. Reitz was 'n belangrike figuur in die Afrikaner se kulturele lewe. Alhoewel hy nooit 'n lid van die G.R.A geword het nie, was hy 'n aktiewe bydraer tot die Genootskap se tydskrif. Reitz was die vyfde Staatspresident van die Oranje-Vrystaat, Staatsekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek ten tyde van die Anglo-Boereoorlog en die eerste president van die Senaat van die Unie van Suid-Afrika.

Jan Joubert (Volksraadlid) en ds. Chris Neethling (predikant) was twee van die belangrikste dryfvere agter die totstandkoming van Pretoria se eerste Afrikaanse Hoërskool in 1920. Jan Joubert was die jongste seun van generaal Piet Joubert. Hy het sy vader se woonhuis, Visagiestraat 218, as eerste setel van die Afrikaanse Hoërskool beskikbaar gestel.

## 2. EREKODE

- In ons koshuis gee ons die ereplek aan God en is dankbaar vir die talente wat ons van Hom ontvang het. Ons glo in die almag van God en vertrou op Hom vir leiding en krag.

- Ek beloof dat ek na die beste van my vermoë die eervolle naam en tradisie van die koshuis sal handhaaf en daarop sal voortbou.

- Ek onderneem voorts dat ek al my kragte sal inspan in liefdevolle, pligsgetroue en toegewyde diens aan hierdie koshuis en sal poog om in my handel en wandel ‘n gees van eensgesinde kameraadskap te bevorder.

- Doelgerig sal ek strewe om my lewe so in te rig dat ek altyd met trots kan erken dat ek ‘n inwoner van hierdie koshuis is of was.

- Ek staan as inwoner van my koshuis, leerder van my skool en burger van my land.

- “Gestaal vir die stryd om die lig te laat brand!” sal steeds my erns wees!

## 3. ALGEMENE KOSHUISINLIGTING

### 3.1 Toelating tot die koshuis

Voornemende Affies se aansoek om toelating tot die koshuis moet op die voorgeskrewe inskrywingsvorm gedoen word. Die jongste skoolrapport en getuigskrif van die skoolhoof moet die aansoek vergesel. Let wel: ‘n Seun moet eers tot die skool toegelaat word, alvorens sy koshuisaansoek oorweeg kan word.

### 3.2 Hertoelating tot die koshuis

Aansoek om hertoelating vir die volgende jaar geskied in die derde kwartaal. Die heraansoekvorm en inligtingstuk sal aan ouers gestuur word. Die volgende dokumentasie moet by die onderskeie gangvoogde ingehandig word om as ‘n volledige aansoek beskou te word:

- Aansoekvorm
- Bewys van betaling van deposito van R2000
- Mediese besonderhedevorm
- Nuutste koshuisverslag

**Let wel: Seuns word nie outomaties hertoegelaat nie.** Die volgende faktore word in ag geneem: Volledigheid van die aansoek, seuns se gedrag deur die jaar (skool en koshuis), betrokkenheid op buitemuurse gebied, akademiese prestasie asook uitstaande skool- en koshuisgelde. Laat aansoeke sal op die waglys geplaas word.

### 3.3 Algemene toelatingsvoorwaardes

3.3.1 Koshuissgelde MOET voor of op die eerste dag van elke maand of kwartaal betaal word soos per afbetalingsooreenkoms bepaal. Ouers wat hul koshuisgelde vir die jaar vooruit wil betaal moet dit voor 31

Januarie van elke jaar doen om vir die voorgestelde korting te kwalifiseer.

3.3.2 ‘n Deposito van R2000 is betaalbaar met u aansoek om hertoelating. Die deposito sal dien as gedeeltelike vereffening van die volgende jaar se koshuisgelde. Indien u seun se aansoek om hertoelating afgekeur word, sal die deposito van R2000 teen u seun se skoolgelde verreken word of aan u terugbetaal word.

3.3.3 Indien ouers weens welke rede besluit om hul kind se koshuisinwoning op te sê, moet daar EEN VOLLE KWARTAAL kennis gegee word voor hy die koshuis verlaat. Indien dit nie gedoen word nie, kan die ouers vir een kwartaal se koshuisgeld aanspreeklik gehou word.

3.3.4 Ouers moet na elke vakansie kennis gee indien hul kind in kontak was met enige aansteeklike siekte.

3.3.5 Daar word van elke seun verwag om elke kwartaal aan ten minste een buitemuurse aktiwiteit van die skool deel te neem.

## 4. ALGEMENE KOSHUISREËLS

4.1 Die bepalings van die **Gedragskode van Afrikaanse Hoër Seunskool** is in totaliteit van toepassing t.o.v. enige optrede van die leerling gedurende enige periode wat hy ‘n ingeskrewe inwoner van die koshuis is.

4.2 Indien ‘n leerling ter enige tyd, waar sodanige leerling onder beheer van die koshuis staan, die koshuisterrein sonder toestemming van die Senior Huisvader of sy genomineerde verlaat, sal sy koshuisinwoning vir ten minste een kwartaal opgeskort word. By die herhaling van so ‘n insident, kan sodanige leerder permanent uit die koshuis geskors word sonder die terugbetaling van enige koshuisgelde.

4.3 Indien ‘n leerder in besit gevind word van alkoholiese drank, enige verbode of afhanklikheidsmiddels of sodanige middels gebruik of in die teenwoordigheid gevind word van ander persone wat sodanige middels in hulle besit het of gebruik, sal die toepaslike straf in die suiwer diskresie van die Senior Huisvader en die Beheerliggaamlid, belas met dissipline, setel, wat tydelike of permanente skorsing uit die koshuis mag insluit.

4.4 Die hoof of sy gemagtigde en/of die beheerliggaam behou die reg voor om ‘n leerling tydelik of permanent te skors indien:

4.4.1 hul van mening is dat een enkele daad of reeks van dade van laakbare aard deur ‘n leerling begaan is of

4.4.2 as ‘n leerling se gedrag van so aard is dat dit indruis teen ‘n behoorlike peil van sedelikheid en/of die sosiale welsyn van die skool/koshuis in gevaar stel of

4.4.3 indien ‘n leerling herhaaldelik skool- en/of koshuisreëls oortree;

4.5 Indien ‘n leerling uit die koshuis geskors word, kan dit sonder die terugbetaling van enige koshuisgelde wees.

## 4.6 In- en uittekenreëlings

### 4.6.1 Naweke

4.6.1.1 Die skool en koshuis aanvaar dat alle seuns oor naweke huistoe gaan en dus nie in die koshuis woonagtig sal wees nie. U seun verlaat dus die koshuis op ‘n Vrydagmiddag na skool en keer na die koshuis terug op ‘n Maandag vóór 07:00.

4.6.1.2 Seuns vir wie dit nie moontlik is om huistoe te gaan nie, moet gevolglik **inteken** op ‘n lys wat deur die koshuis voorsien sal word. Seuns moet op hierdie lys teken vir die etes wat hulle oor die naweek sal nuttig. Solank u seun oor ‘n naweek in die koshuis is, is hy verplig om by elke ete aan te meld vir kontrole.

4.6.1.3 Normale skool- en koshuisreëls geld oor naweke.

4.6.1.4 **Let wel:** Geen seun mag eers vanaf Saterdag inteken nie. Hy mag wel inteken vir Vrydagaand en na afloop van sy sport- of kultuuraktiwiteit op die Saterdag huistoe gaan. Seuns wat inteken vir ‘n naweek is dan die koshuis se verantwoordelikheid. Daar sal personeel aan diens wees vir die volle duur van die naweek wat na die wel en weë van die seuns sal omsien vir die naweek. Seuns wat reeds op ‘n Sondag na die koshuis terugkeer moet dit so op die intekenlys aandui. Daar sal Sondae-aande om **19.30** streng kontrole geneem word, waarna die koshuishek sal sluit. Indien ‘n seun se intekenreëlings verander is die plig op hom om die onderwyser aan diens in kennis te stel.

4.6.1.5 ‘n Leerder wat oor naweke inbly is verplig om etes by te woon, dit dien as kontrolepunt.

4.6.1.6 Enige veranderinge in naweekreëlings gedurende die naweek moet aan die matrone en diensdoende personeellid oorgedra word.

4.6.1.7 Sodra ‘n leerling die skoolterrein verlaat, sal die skool sal nie vir enige ongevalle, van watter aard ookal, verantwoordelik gehou kan word nie.

### 4.6.2 Week

4.6.2.1 Leerders mag die koshuis slegs vir dringende afsprake soos mediese, godsdienstige, hospitaalbesoeke, akademiese redes ens., verlaat.

4.6.2.2 Indien ‘n seun uitgeteken moet word, moet sy ouers die vorige dag skriftelike toestemming vra. Indien die senior koshuisvader of sy gemagtigde goedkeuring verleen, mag die seun eers die terrein verlaat nadat hy die uittekenregister voltooi het en persoonlik by die onderwyser aan diens uitgeteken het. Alternatiewelik kan ‘n seun se ouers hom persoonlik by die koshuis in die register kom uitteken.

4.6.2.3 Kosgangers wat op ‘n weeksdag verjaar mag saam met hul ouers/voogde vir die aand uitgaan, maar moet dieselfde aand na die koshuis terugkeer. ‘n Seun wat verjaar mag met goedkeuring van die senior huisvader of diensdoende personeellid een of twee maats vir die aand saamneem. Normale uittekenprosedures geld vir almal wat die terrein wil verlaat.

4.6.2.4 Uitgetekende kosgangers meld met hul terugkeer by die diensdoende personeellid aan.

## 5. KLEREDRAG

### 5.1 Wanneer leerder die terrein verlaat

- Seuns verlaat die skoolterrein in skooldrag of Affie-drag. Geen slenterdrag.
- Wanneer sportaktiwiteite bygewoon word, is ‘n Affie-sweetpak of toepaslike sportdrag aanvaarbaar. Geen kniebroeke of slenter-drag word toegelaat nie.

### 5.2 Etes

- Ontbyt en middagetes: gedurende die week word die volledige skooluniform gedra, tensy ‘n sportaktiwiteit sportklere noodsaak-lik maak.
- Aandetes en ander etes: Kosgangers moet te alle tye netjies vertoon. Slegs voorgeskrewe koshuisdrag is aanvaarbaar, d.w.s. `n Affie sportbroek met `n Affie T- hemp of koshuishemp.
- Die kosganger moet of skoon plakkies of seilskoene met kouse dra. Geen pantoffels of kaal voete word in die eetsaal toegelaat nie.

### 5.3 Op die skoolterrein

- Koshuisseuns moet te alle tye netjies geklee wees wanneer hulle op die koshuis-/skoolterrein is.
- Slegs sportdrag, skooldrag of voorgeskrewe koshuisdrag is aanvaarbaar
- Geen slenterdrag word toegelaat nie.
- Geen juweliersware word toegelaat nie.

## 6. SIEKTE EN ONGEVALLE

### 6.1 Skoolure

- Wanneer 'n leerder gedurende die skooldag siek word, rapporteer hy bevestigingsbriefie van die vakonderwyser of graadvoog by die senior huisvader.
- Die senior huisvader sal die leerling na die siekekamer verwys en die koshuispersoneel in kennis stel.

### 6.2 Ander ure

- Geen leerder mag in sy kamer bly, indien hy siek is nie.
- Leerders meld dadelik by die diensdoende personeellid aan wat hom na die siekekamer of dokter sal verwys.
- Tydens noodgevalle word leerders na 'n plaaslike ongevalle-afdeling geneem.
- Ouers is te alle tye vir mediese en vervoerkoste verantwoordelik.
- Tydens 'n noodgeval of hospitalisasie sal die ouers in kennis gestel word.

## 7. ALGEMENE NETHEID IN KOSHUIS

### 7.1 Slaapkamers

- Elke kosganger is vir die netheid van sy eie kas en bed verantwoordelik.
- Die inwoners van 'n kamer is verantwoordelik vir die netheid van die kamer.
- Inspeksie word deur prefekte, gangvoogde en diensdoende personeel uitgevoer.

### 7.2 Badkamers & toilette

- Warm water moet spaarsamig gebruik word.
- Netheid en higiëne is te alle tye verpligtend.
- Toilette moet altyd droog en skoon wees.

### 7.3 Terrein

- Rondstrooiery van vullis word ten strengste verbied.
- Terrein moet deur almal te alle tye netjies en skoon gehou word.

### 7.4 Beskadiging van eiendom

- Alle skade wat 'n kosganger aan koshuiseiendom aanrig, moet vergoed word en/of deur homself herstel word. Breekskade moet dadelik aan die diensdoenende personeellid rapporteer word.

Indien ‘n kosganger versuim om by die voorwaardes te hou, of indien die herstelwerk nie bevredigend is nie, word ‘n rekening aan die ouer/voog gestuur.

7.5 **Elektriese apparaat**

- Buiten selfone, rekenaars en waaiers word geen elektriese apparaat van enige aard in die koshuis toegelaat nie. Batteryradiostelle mag deur gr. 10- tot 12-leerders gebruik word. Die gebruik van rekenaars word slegs deur die senior huisvader goedgekeur. Indien daar toestemming om 'n elektriese apparaat te gebruik, verkry is, mag kragpunte in die koshuis gebruik word. Elektriese apparaat wat sonder die senior huisvader se goedkeuring gebruik word, kan gekonfiskeer word vir so lank as tot die einde van die kwartaal of jaar.

## 8. INBURGERING

- Geen ontgroening van enige aard sal geduld word nie.
- Junior kosgangers moet wel sekere dienste verrig soos van tyd tot tyd bepaal sal word.
- Alle nuwe kosgangers moet aan die inskakelingsprogram deel hê ten einde hulle aanpassing te vergemaklik.
- Elke junior sal, benewens sy voogonderwyser, ook onder voogskap van ‘n spesifieke prefek staan.
- Juniors moet onder geen omstandighede skroom om enige aangeleentheid met die voogonderwyser en prefek te bespreek nie.

## 9. KWARTAALLIKSE KOSHUISOPENING

- Die koshuis open om 12:00 op die dag voordat skole heropen.
- Seuns mag vanaf 12:00 arriveer, **maar mag nie die terrein daarna verlaat** nie.
- Die senior huisvader, gangvoogde en administratiewe personeel is beskikbaar vanaf 12:00 vir navrae en kontrole. Die eerste ete is ‘n ligte aandete.
- Kosgangers se voorkoms moet reeds volgens skoolreëls wees met hulle aankoms.
- **NB: Al die kosgangers MOET die dag VOOR die heropening terug wees om belangrike administratiewe reëlings af te handel.**
- **Seuns moet toesien dat hulle hulself VOOR 17:00 in die gangregister terugteken.**

## 10. SAKGELD

- Leerders het die geleentheid om sakgeld in veilige bewaring by ‘n aangewese personeellid te plaas.
- Geen verantwoordelikheid vir die verlies van geld wat nie in bewaring geplaas is, word aanvaar nie.

- U word aangeraai om kitsbankkaarte te bekom en weekliks te gebruik.
- Dit is nie nodig om groot bedrae geld byderhand te hê nie.

## 11. SLUIT VAN KOSHUIS GEDURENDE DIE MIDDAG

- Tussen 14:30 en 16:00 word geen kosgangers in die koshuisgebou toegelaat nie (uitgesonderd graad 9 – 12), tensy hulle konstruktief met huiswerk en studie besig is en met toestemming van die betrokke gangvoog/senior huisvader.
- Tussen 07:10 en 13:40 word geen kosgangers in die onmiddellike koshuisterrein toegelaat sonder die skriftelike toestemming van die senior huisvader nie.

## 12. STUDIE

- Huis Frank le Roux tree in gangverband in die studiesaal aan vir die opening, kontrole, afkonigings en algemene reëlings. Daarna verdaag hulle direk na studiesaal of kamers vir studie.
- Stilte en ordelikheid is ‘n absolute vereiste. Geen kommunikasie mag tussen leerders plaasvind nie.
- Elke leerder moet met sy eie studeer- en huiswerk besig wees. Oor en weer lenery en verduidelikings is steurend en word nie toegelaat nie.
- Die studiesaal is altyd vir akademiese werk beskikbaar.
- Leerders moet ander leerders wat buite studietye werk, respekteer.
- Diensdoende personeel kan studietye verleng indien dit nodig sou wees.
- Gr 10- 12-leerders mag in hul kamers studeer. Dit bly egter ‘n voorreg en nie ‘n reg nie. Graad 9 leerders kan aansoek doen vir ’n akademiese gang wat kamerstudie het.
- Geen eet- of drinkgoed word tydens studie toegelaat nie.
- Geen besoeke word tydens studie toegelaat nie, tensy die dringendheid daarvan eers met die diensdoende personeellid uitgeklaar is nie.
- Selfone en ander elektroniese instrumente (MP3’s, iPods ens.) wat steurend inwerk op die studie-atmosfeer sal nie toegelaat word gedurende amptelike studietyd nie. Die oortreding van die reël sal daartoe lei dat die instrument in veilige bewaring (kluis) geplaas word en eers terugbesorg sal word nadat ‘n boete van R50 betaal is.

## 13. VOOGWERK

- Elke voog versorg sy kosgangers ten opsigte van akademiese vordering, sosiale aanpassing, buitemuurse deelname, dissipline en morele ondersteuning.
- Voogverslae word aan die einde van die 1e, 2e en 4e kwartaal aan ouers versend.

## 14. VERVOERMIDDELS, PARKERING EN TOEGANG TOT DIE KOSHUIS

- Tydens die rugby- en hokkieseisoen is daar ‘n skoolbus beskikbaar vir seuns wat by rivierstraat, Pretoria- en Harlequinsrugbyklub oefen.
- Geen ryplanke, fietse, motorfietse, motors of enige ander vervoermiddel word op die skool- of koshuisterrein gebruik of toegelaat nie.
- Seuns wat aan fietsry as skoolsport deelneem en in sekere spesiale gevalle mag ‘n fiets aangehou word onder voorwaardes van die senior huisvader. Die skool of koshuis kan nie aanspreeklik gehou word vir enige skade of die veilige bewaring van ‘n leerling se fiets nie. Ouers moet van die parkeerarea by Redelinghuyspoort gebruik maak en vandaar toegang tot die koshuis verkry.
- Die koshuishekke word gedurende sekere periodes gesluit sodat die kosgangers en hul besittings teen gevare van buite beskerm word.
- Koshuisleerlinge mag onder geen omstandighede met ‘n motor of motorfiets op die skoolterrein parkeer nie.

## 15. WASGOED

- Leerlinge se wasgoed kan op Dinsdagoggende vir die wassery ingegee word.
- Kledingstukke moet behoorlik gemerk en ‘n wasgoedlys in tweevoud ingevul word.
- Slegs twintig stukke per persoon word weekliks toegelaat. Enige uitsonderings moet met die senior huisvader gereël word.

## 16. EETGOED EN SNOEPERY

- Geen verkope van snoeperye mag onder leerders plaasvind nie.
- Indien leerders kos wil warm maak of voorberei is daar ‘n mikrogolfoond in die ontspanningsaal beskikbaar. Dit moet oordeelkundig gebruik word. Die senior huisvader mag die voorreg om hierdie fasiliteit te gebruik onttrek indien dit hy dit nodig sou ag.

## 17. DISSIPLINE

- Kosgangers moet te alle tye gesonde selfdissipline toepas.
- ‘n Hoë lewenstandaard ten opsigte van waardes, norme en etiek word van elke kosganger verwag.
- Reëls en dissipline is nodig om die koshuisorganisasie te laat vlot. Selfdissipline vervang dus in ‘n groot mate rigiede toepassing van reëls.

## 18. EETSAAL EN ETEREëLINGS

- Kosgangers beweeg stil en ordelik in die eetsaal in.
- Geen provokasie of enige afknouery sal enigsins geduld word nie.

- Die prefekte is verantwoordelik vir orde, tafelmaniere en sinlikheid.
- Die gr. 8-leerders dek die hele akademiese jaar die tafels na afloop van ete af.
- Seuns wat as gevolg van skoolaktiwiteite vroeg of laat moet eet, is self verantwoordelik vir vroeg/laat-etereëlings wat met die kombuis getref moet word.

## 19. SIEKEKAMER

- Kosgangers wat na die siekekamer verwys is, is onder direkte toesig van die kosmatrones.
- Alle opdragte deur matrones moet dus nagekom word.
- ‘n Kosganger mag nie die siekekamer sonder toestemming verlaat nie.

## 20. DIEFSTAL

- Ongelukkig vind hierdie verskynsel soms plaas. Gelukkig word die waarheid in die meeste gevalle ontbloot.
- Leerlinge wat hulle skuldig maak aan diefstal sal met onmiddelike effek permanent uit die koshuis geskors word. ‘n Kosganger moet altyd sy persoonlike besittings in sy kas toesluit.

## 21. PERMANENTE VERLOF

- Kosgangers word van tyd tot tyd toegelaat om die koshuis vir nie-amptelike buitemuurse aktiwiteite te verlaat.
- Die aansoek moet vergesel wees van ‘n aansoekbrief deur die ouers, bewys van lidmaatskap van ‘n klub/vereniging en ‘n bevestigingsbrief van die afrigter.
- Oefentye, oefendae en adres tydens die afwesigheid moet verskaf word.
- Hierdie verlof word ook op streng meriete toegestaan.

## 22. ALGEMEEN

- Dissiplinêre sake word op ‘n weeklikse basis deur middel van ‘n tribunaal hanteer.
- Leerlinge wat skuldig is aan oortredings moet gestraf word. Straf word in die vorm van gemeenskapsdiens, studie, vermaning, verbeuring van regte, korrektiewe optrede en selfs skorsing toegepas.
- Alle kosgangers moet aktief aan buitemuurse aktiwiteite deelneem. (Ten minste een aktiwiteit per kwartaal).
- Nuwe kosgangers moet met hul aankoms by die senior huisvader en diensdoende personeellid aanmeld. Die hoofseun sal toesien dat die nuwe leerling inskakel en homself oriënteer in die koshuislewe.
- Die koshuisgids moet ten alle tye in die kosganger se kas vir verwysingsdoeleindes wees. Onkunde is nie ‘n verweer nie.

## 23. KLERELYS EN ANDER BENODIGDHEDE

### SKOOLKLERE

- 1 kleurbaadjie
- 1 skoolpet
- lang en/of kort grysbroeke
- wit langmouhemde
- 1 skooldas
- 1 paar swart skoolskoene (“Grasshoppers”)
- skoolkouse
- 1 wit skool oortrui
- 1 swembroek (skooltipe)
- sportuitrusting vir verskillende sportsoorte (voorgeskrewe skoolkleure)
- 1 skoolsweetpak
- 1 swart koshuishemp
- FLO hemp en broek

### SIVIELE KLERE

- Onderklere
- Slaapklere
- **NB:** Reënjasse en warm klere is ‘n aanbeveling
- Geen ander siviele klere word toegelaat nie.

### ALGEMEEN

- Klerehangers
- 2 wasgoedsakke (met naam op)
- Beddegoed
- Handdoeke
- Skoenpolitoer & -borsel
- Toiletware
- 1 slot (verkieslik nie ‘n kombinasieslot nie)
- 1 bedmatjie (aanbeveel)
- Bybel, Liedboek en Bybelstudiehandleiding

Die Senior Huisvader behou homself die reg voor om te enige tyd enige reëlings te verander soos wat die situasie dit vereis. Dit sal ook in oorlegpleging met die hoof deurgevoer word solank as wat hy dit nodig vind.

## TYDROOSTERS

## MAANDAG TOT VRYDAGMIDDAG

| | |
|---|---|
| 06.00 | Opstaan. Alle kosgangers staan op, maak hul beddens op, maak die kamers netjies en versorg hulself. Kosgangers wat vir die netheid van die kamers en gange verantwoordelik is, moet dit ook in hierdie tyd doen. Koshuishekke word oopgesluit. |
| 06:00 - 6:10 | Stiltetyd. Absolute stilte en respek vir ander is belangrik. |
| 06:10 - 6:30 | Inspeksie en oggendkontrole. Kamer en kasdeure moet oopstaan. Daar moet stilte wees terwyl die personeellid en koshuisprefek die netheid inspekteer. |
| 06:20 - 6:40 | Ontbyt. Kosgangers beweeg vinnig en ordelik na die eetsaal waar hulle in hul rye aantree. Die diensdoende personeellid sal die verloop van die ete verder hanteer. Die graad 8`s dek die tafels af en sorg dat die eetsaal skoon is. |
| 06:40 - 7:00 | Gereedmaak vir die skooldag. Kosgangers gaan borsel tande, ensovoorts. |
| 07:10 | Koshuisdeure sluit. Alle leerders beweeg na die skoolterrein. Geen leerder mag nou in die onmiddellike koshuisterrein wees nie. |
| 13:45 | Middagete. Ordereëlings soos vir ontbyt. |
| 14:30 - 6:00 | Sport en ontspanning. Alle leerders moet buite besig wees met buitemuurse aktiwiteite, behalwe wanneer hulle studeer of huiswerk doen.<br>Studie: Leerders mag slegs in die mediasentrum of studentesentrum onder toesig met selfstudie besig wees. Die res moet hulleself met sport of kulturele aktiwiteite besig hou. |
| 16:00 - 7:00 | Storttyd |
| 17:30 of 17:45 | Aandete en skoonmaak van die eetsaal vir aandstudie.<br>Tydens somersport begin aandete om 17:30<br>Tydens wintersport begin aandete om 17:45 |
| 18:45 - 20:00 | Aantree, kontrole, afkondigings, opening en die aanvang van aandstudie. |
| 20:00 - 20:25 | Studiepouse. |
| 20:25 | Aantree, kontrole en studievoorbereiding. |
| 20:30 - 21:30 | Aandstudie. |
| 21:30 - 22:00 | Slaaptydvoorbereiding: tande borsel, uit- en aantrek, ens. |
| 22:00 - 22:10 | Stiltetyd. |
| 22:10 | Ligte uit. Geen leerder mag nou rondbeweeg of sy kamerligte laat brand nie. Die senior huisvader of gangvoogde kan van tyd tot tyd laat-studie goedkeur. Hekke sluit. |

- Let wel: Die graad 8's se aandprogram begin en eindig 30 minute vroeër as die res van die koshuis.

## VRYDAGMIDDAG

| | |
|---|---|
| 13:45 | Kosgangers wat ingeteken is meld aan vir middagete en kontrole. Hulle mag dorp toe gaan, maar slegs met die onderwyser aan diens se goedkeuring. Geen onbehoorlike plekke soos nagklubs, kroeë, ensovoorts mag besoek word nie. |
| 17:15 | Alle kosgangers moet terug in die koshuisterrein wees. |
| 17:30 | Kontrole en aandete. |
| 18:05 | Die program sal deur die diensdoenende personeellid aangekondig word. Vyftien minute na afloop van ‘n skoolfunksie moet alle kosgangers terug in hul kamers wees. |
| 22:00 | Aandkontrole en slaaptyd. |

## SATERDAG

| | |
|---|---|
| 06:00 | Hekke open |
| 07:15 | Kontrole |
| 07:30 | Ontbyt. Die dag se program word na gelang van skoolaktiwiteite bepaal |
| 08:00 | Sport en ontspanning |
| 12:00 | Middagete |
| 12:30 | Sport en ontspanning |
| 17:30 | Kontrole en aandete |
| 18:00 | Program word gereël deur diensdoenende personeellid |
| 21.30 | Stiltetyd en hekke sluit |
| 21.40 | Ligte uit |

## SONDAG

| | |
|---|---|
| 07:30 | Opstaan en hekke open |
| 08:00 | Kontrole en ontbyt |
| 08:45 | Leerlinge wat kerk toe of na ‘n ander plek van aanbidding wil gaan tref die nodige reëlings met die onderwyser aan diens. |
| 12:00 | Kontrole en middagete |
| 12:30 – 16:00 | Middagstilte |
| 17:30 | Kontrole en aandete |
| 18.00 | Leerlinge wat kerk toe of na ‘n ander plek van aanbidding wil gaan tref die nodige reëlings met die onderwyser aan diens. |
| 19.30 | Alle kosgangers na die voorportaal vir aandkontrole |
| 21:00 | Stiltetyd<br>LET WEL:<br>(a) Die senior huisvader kan die tydrooster met tye na gelang van seisoene en ander behoeftes verander.<br>(b) Geen sportaktiwiteite word op Sondae op die skoolterrein toegelaat nie.<br>(c) Buiten etenstye kan Huis Pannevis se tye van Huis Frank le Roux s’n verskil. |

| | |
|---|---|
| 21:30 | Ligte uit. |

- Let wel:
  - Die koshuis sluit op **Maandae-oggende** stiptelik om **07:10.**
  - Die kosgangers van Huis Kruger is onderhewig aan die huisvader se reëlings wat aan die seuns en ouers aan die begin van elke kwartaal gekommunikeer sal word.